**Abram se geloof lei tot onderskeidingsvermoë (OP144)**

**Gen 14:1-24**

**3 September 2023**

Laasweek het ons gekyk na Abram en Lot wat van mekaar geskei het weens die feit dat hulle voorspoed veroorsaak het dat hulle nie meer dieselfde deel van die land kon deel nie. Abram het aan Lot die geleentheid gegee om te kies waar hy wou gaan bly. Lot se keuse was die Jordaanstreek waar volop water was. Hierdie keuse was gedryf deur selfsug en die begeerte van verdere rykdom, terwyl hy die gevare van Sodom misgekyk het. Abram het sy keuse aanvaar, waaruit die groei in Abram se geloof tydens die voorafgaande hongersnood duidelik geword het. Ongelukkig het ons nie dieselfde groei by Lot gesien nie. Nadat Lot weggetrek het, het die Here weer die beloftes van die land en 'n nageslag aan Abram herhaal, maar die Here het nuwe detail bygevoeg wat Hy nie vantevore met Abram gedeel het nie – Abram en sy nageslag sou die land vir altyd besit, en boonop sou sy nageslag so talryk wees soos die stof op die aarde. Ons het daaroor besin dat dit moes bygedra het tot die feit dat Abram begin verstaan het dat die beloftes van die Here 'n selfs hoër dimensie ingehou het as wat hy tot hiertoe besef het. Die appel wat hierdie gebeure op ons gerig het, was of ons die toetse wat die Here oor ons bring, gebruik as beproewings waardeur ons geloof groei, soos Abram, en of ons dit gebruik as versoekings waardeur ons ons eie begeertes wil bevredig, soos Lot.

Vandag wil ek stilstaan by Gen 14. In hierdie gedeelte lees ons van 'n stryd wat gewoed het tussen twee groepe konings, en ons lees ook van Abram se deelname tydens hierdie stryd. Dit word opgevolg met twee konings wat Abram ontmoet, en hoe Abram daarop gereageer het. Ons gaan dit oordink onder die volgende twee hoofpunte: (1) Abram se oorwinning in die stryd tussen die konings van die aarde (Gen 14:1-16), en (2) Abram onderskei die werklike Koning (Gen 14:17-24).

<u>Abram se oorwinning in die stryd tussen die konings van die aarde (Gen 14:1-16)</u>

Lees Gen 14:1-3. Ons lees hier van twee groepe van konings wat oorlog gevoer het teen mekaar. Aan die een kant was daar: Amrafel, Arjog, Kedorlaomer en Tidal – ons gaan hulle die "groep van 4" noem. En aan die ander kant was daar: Bera (koning van Sodom), Birsa (koning van Gomorra), Sinab, Semeber en die koning van Bela – ons gaan hulle die "groep van 5" noem. Hierdie groep van 5 het 'n bondgenootskap gevorm – hulle was almal konings in die omgewing van die Soutsee (Dooie See).

Lees Gen 14:4-7. Uit hierdie verse is dit duidelik dat die groep van 4 in beheer was. Hulle het heerskappy uitgeoefen oor die groep van 5. Dit was alreeds vir 12 jaar die geval. In die dertiende jaar het die groep van 5 egter in opstand gekom teen die groep van 4. Die gevolg hiervan was dat die groep van 4 toegetree het tot die stryd. Ons lees dat hulle verskeie gebiede en nasies al verower het.

Lees Gen 14:8-12. Die groep van 5 het in die Siddimvallei gevegslinies opgestel teen die groep van 4. Die groep van 5 word egter oorwin – van hulle val in die asfaltputte wat in die vallei voorgekom het, terwyl ander die berge invlug. Die groep van 4 het al die besittings van Sodom en Gomorra gevat, insluitende Lot en al sy besittings. Let op: ons lees Lot het op hierdie stadium <u>in</u> Sodom gewoon. In Gen 13:12 het ons gelees hy het sy tente tot <u>by</u> Sodom opgeslaan – maar op hierdie stadium het hy <u>in</u> Sodom gewoon. Dit is die gevaar van sonde – dit het die geneigdheid om jou geleidelik in te sluk, want jy raak al hoe gemakliker met die sonde.

Lees Gen 14:13. Hier leer ons dat Abram te hore gekom het wat gebeur het. Iemand wat ontsnap het, het dit aan Abram kom vertel. Abram het steeds by die akkerbome van Mamre gewoon, d.w.s. hy het steeds by Hebron gewoon, soos wat ons in Gen 13:18 gesien het. Ons lees ook Abram het drie bondgenote gehad: Mamre, Eskol en Aner.

Lees Gen 14-16. Nou tree Abram ook toe tot die stryd. Aan die een kant het hy die hulp van sy bondgenote Mamre, Eskol en Aner. En aan die ander kant het hy ook 318 slawe wat hy kon bewapen. Hulle verdeel in groepe en gedurende die nag val Abram-hulle die groep van 4 konings aan. Ons lees hulle het hulle agtervolg tot by Hoba – wat noord van Damaskus lê. Dit moes geruime tyd geneem het om hulle te agtervolg van die omgewing van die Dooie See tot so ver as noord van Damaskus. Maar al is hulle maar 'n relatief klein groepie in vergelyking met 4 konings, behaal hulle sukses. Hulle slaag daarin om al die besittings wat geroof is, terug te kry, asook al die vroue en die manskappe wat gevange geneem is – dit sluit Lot ook in. Al met al, tree Abram as oorwinnaar uit die stryd teen die 4 konings.

Wat kan ons leer uit hierdie gebeure? Wel, daar is ten minste twee punte waarvan ons moet kennis neem en waarvan ons moet leer:

- Abram se vertroue in die Here is vir ons 'n voorbeeld. Hy het vertrou dat die Here hom, sy drie bondgenote en 318 slawe sal help om 4 gedugte konings, wat verskeie oorwinnings die afgelope tyd behaal het, te kan uitoorlê. Ons moet ook oortuig wees die Here is by magte om enige oormag te kan oorwin, solank ons binne Sy wil optree.
- Abram se liefde vir Lot is ook vir ons 'n voorbeeld. In verse 14 en 16 sien ons dat na Lot verwys word as Abram se broer nie, nie broerskind nie. Abram het hom oor Lot ontferm asof hy sy broer was. Abram se liefde vir Lot het hierdie keer groter eise gestel as in Gen 13 – waar Abram net die implikasies van Lot se selfsugtige besluit vir hom as Abram moes verwerk en aanvaar. Alhoewel dit waar is dat Lot nou die vrugte gepluk het van sy swak besluit in Gen 13, laat Abram die saak nie maar net daar nie. Nee, hy tree op – hy stel homself en sy bondgenote en slawe aan groot gevaar bloot. Hy is bereid om 'n veeleisende agtervolging aan te pak wat tot noord van Damaskus strek – al was Lot onverskillig in sy keuse van die Jordaanstreek en in die feit dat hy hom deeglik in Sodom tuis gemaak het. Ons word ook opgeroep tot liefde vir ons naaste – en dit sluit sekerlik ook ons familie in. Ons moet hulle ook liefhê al is hulle onverskillig, selfs al is hulle ongelowig. Ons liefde moet insluit dat ons selfs bereid sal wees om groot opofferings te maak. Immers, in Rom 5:8 lees ons Jesus het vir ons gesterf toe ons nog sondaars was.

<u>Abram onderskei die werklike Koning (Gen 14:17-24)</u>

Ons is geneig om te dink dat dit die einde van die storie is – immers Lot is veilig bevry uit die hand van die 4 konings, en Abram is ook veilig terug. Boonop het Abram se geloof die toets deurstaan, en hy het baie opgeoffer tot voordeel van sy broerskind. Maar, eintlik lê die klimaks nog voor.

Lees Gen 14:17-18. Toe Abram terugkeer na sy oorwinning oor die 4 konings wat saam met Kedorlaomer gespan het, toe volg daar 'n ontmoeting met twee konings. Ek dink nie ons moet verstaan dat die twee konings Abram gelyktydig genader het nie, maar die vertelling van die ontmoeting tussen Abram en die twee konings word ineengevleg – en met goeie rede. Kom ons kyk eers na wie die twee konings is:

- Volgens vers 17 is die een koning wat uittrek om Abram te ontmoet, die koning van Sodom. Dit is een van die vyf konings wat verslaan is, dit was die besittings en inwoners van sy stad wat weggevoer is deur die vier konings, dit is hulle wat Abram bevry het. Nou, met Abram se terugkeer, trek hy Abram tegemoet. En ek glo, ons weet almal, dat Sodom 'n simbool is van boosheid – dink maar net aan die gebeure in Gen 19 waar die Here die stad met swael en vuur verwoes het (Gen 19:24).

- Die tweede koning wat Abram ontmoet, word in vers 18 vir ons gegee: Sy naam is Melgisedek, en hy is die koning van Salem. In die 2020 DAV is daar ‘n onderskrif wat sê Salem is net ‘n ander naam vir Jerusalem, en as jy na Ps 76:3 sou blaai, sal jy sien Salem is ook dieselfde as Sion. Dit is dus Melgisedek, die koning van Jerusalem, wat Abram ontmoet. Boonop lees ons dat hy ook ‘n priester van God, die Allerhoogste, was. Lees nou Heb 7:1-2. Dit is onmiskenbaar duidelik dat Heb 7 verwys na Gen 14. Wat ons in Heb 7 leer is dat hierdie koning se naam, Melgisedek, “Koning van Geregtigheid” beteken. Verder is hy ook die koning van Salem, en dit beteken hy is die “Koning van vrede”. Melgisedek, die koning van Salem, is dus die koning van geregtigheid en die koning van vrede. Lees Heb 7:3. Hier lees ons hy was sonder vader, sonder moeder, sonder ‘n stamboom en sy lewe was sonder begin en einde. Natuurlik klink dit vreemd. Maar dink aan wat in Gen 14 gebeur het: Ons het geleer van die twee groepe konings wat teen mekaar stryd gevoer het. Die groep van 4 het oorwin en van die mense en besittings van die groep van 5 weggevoer. Een van die konings wie se mense en besittings weggedra is, was die koning van Sodom. Daarom kan ons verstaan dat as Abram behoue terugkom met die besittings en die mense wat weggevoer is, dat die koning van Sodom hom tegemoet sou trek. Maar hoekom is daar ook ‘n ontmoeting met die koning van Salem. Hy was glad nie deel van die gebeure tot op hede nie. Hy is bykans ‘n misterieuse figuur wat nou onverwags op die toneel verskyn. Ons weet nie waar hy vandaan kom nie, en na hierdie gebeure lees ons ook nie weer van hom nie – dit is asof hy nie ‘n vader of ‘n moeder het nie, asof hy nie ‘n begin het nie en ons weet ook niks van sy einde nie. Verder sê beide Gen 3:18 en Heb 7:3 dat hy ook nog ‘n priester is van God die Allerhoogste – en hy is dit vir altyd. Ek glo, ons is almal bewus dat Hebreërs hierdie Priesterkoning identifiseer as Jesus – vgl Heb 6:20: “Dit is waar Jesus, ons Voorloper, ter wille van ons ingegaan het, en Hoëpriester vir ewig geword het volgens die orde van Melgisedek.” Immers is Jesus tog sekerlik dié Koning van Geregtigheid en dié Koning van vrede. Die koning van Salem wat Abram ontmoet met sy terugkeer na Lot se bevryding, is dus ‘n tipe of voorafskaduwing van die Here Jesus self.

Sien jy wat hier gebeur? Twee konings ontmoet vir Abram: die koning van Sodom, die simbool van boosheid, asook Melgisedek, die koning van Salem, die koning van geregtigheid en vrede, wat ook ‘n priester is, wat ‘n tipe is van Jesus die komende Priesterkoning. Twee uiteenlopende konings – die een is die koning van die nageslag van die duiwel, terwyl die ander Een die Koning is van die nageslag van die vrou.

Hierdie twee konings kom ook met twee heeltemal verskillende aanbiedinge na Abram toe:

- Ons kyk weer eers na die koning van Sodom. Lees Gen 14:21. In ‘n sekere sin, kom die koning van Sodom na Abram met leë hande – immers is sy stad leeg weggedra. Hy het dus niks om vir Abram aan te bied nie. Waarmee hy wel kom, is in die eerste plek ‘n eis: “Gee vir my die mense”. Hy wil dus die mense wat weggevoer is, terughê. Dit is nogal arrogant as dit jou eerste woorde is aan die persoon wat sopas jou mense bevry het. Miskien sou waardering vir Abram se optrede meer van pas gewees het – maar onthou, dit is die koning van Sodom. Na hierdie eis, maak die koning aan Abram ‘n aanbod: “die besittings kan jy vir jouself vat”. Die aanbod van die koning van Sodom aan Abram is hoogstens die fisiese besittings wat Abram teruggebring het. Dit is nogal ironies – siende dat die besittings in ‘n sekere sin alreeds aan Abram behoort – immers het hy dit met groot moeite teruggebring as buit. Eintlik bied die koning van Sodom aan Abram besittings wat hy, die koning, nie besit nie.

- Kom ons vergelyk dit met wat Melgisedek, die koning van Salem, aan Abram bied. Lees Gen 14:18-20. In die eerste plek kom die koning van Salem nie met leë hande nie – nee, hy bring brood en wyn. Brood en wyn dui daarop dat die koning van Salem Abram uitnooi na 'n maaltyd, hy wil gemeenskap hê met Abram. Ja, hy kom as koning, maar hy kom ook as priester. Priesters sou later die persone wees wat offers bring, maar hulle sou ook die persone wees deur wie die Here die volk seën – dink maar aan die hoëpriesterlike seën in Num 6:24-26. In vers 19 lees ons dat die priesterkoning van Salem Abram seën: "Geseënd is Abram deur God, die Allerhoogste, Skepper van die hemel en aarde." En dan gaan die koning van Salem in vers 20 verder, en verduidelik aan Abram hoe dit moontlik was dat Abram die groep van 4 konings kon uitoorlê en al die mense en besittings veilig kon terugbring: "God, die Allerhoogste, moet geprys word, Hy wat jou teenstanders in jou hand oorgelewer het." Al is daar nooit na God verwys in verse 1-16 nie, is God die Een wat dit alles gestuur het, en wie Abram se teenstanders in sy hand oorgelewer het. Dit is soos met die hongersnoodkrisis destyds in Egipte – daar was die Here ook teenwoordig en Hy het met en deur die farao gewerk. Netso, was die Here ook nou ten nouste betrokke en het Hy die uitkoms bewerk. En daarom moet Hy geprys word.

  Lees saam met my Op 19:1-8:

  - Vers 1 – Die verlossing behoort aan God, soos die koning van Salem aan Abram gesê het: dit was God wat die verlossing bewerk het.
  - Vers 2 – waar en regverdig is Sy oordele. Onthou die koning van Salem is juis die Koning van Geregtigheid.
  - Vers 2 – want Hy het die prostituut veroordeel, soos God al 9 die konings in Gen 14 veroordeel het, en veral soos Hy nog later vir Sodom sal veroordeel.
  - Vers 5 – God moet geloof word, soos wat die koning van Salem vir Abram gesê het.
  - Vers 6 – Die Here het Sy koningskap opgeneem, waarvan die koning van Salem 'n afskaduwing was.
  - Vers 7 – want die bruilofsfees van die Lam het aangebreek, soos daardie maaltyd met brood en wyn waaraan Abram mog aansit

Sien jy dit? Die koning van Sodom kom hoogstens met 'n aanbod van fisiese besittings. Daarteenoor kom die koning van Salem, nooi Abram uit na 'n fees ekwivalent aan die bruilofsfees van die Lam, want die koning van Salem is 'n tipe van die ewige Priesterkoning, wat ook die Lam is. Abram moet die Here prys vir die verlossing wat Hy sopas vir Abram bewerk het, soos wat ons met die bruilofsmaal van die Lam ook die Here sal prys oor ons verlossing. Die punt is: die Here het hier as't ware die Here Jesus aan Abram gewys. Hoe ongelooflik is dit! Ons trek nog maar in Gen 14! Ek wonder of Abram nie begin dink het aan daardie belofte van die Een uit die nageslag van die vrou wat werklik die kop van die slang gaan vermorsel nie.

Die vraag is nou: Hoe het Abram gereageer op hierdie twee verskillende aanbiedinge van twee verskillende konings? Kom ons kyk:

- Ons kyk eers na Abram se reaksie na sy ontmoeting met die koning van Salem. Lees Gen 14:20b. Abram het toe vir die koning van Salem 'n tiende van alles gegee, d.w.s 'n tiende van die buit wat hy teruggebring het. Ons verstaan dat die gee van 'n tiende 'n simbool is wat die totale buit verteenwoordig. Abram se gee van die tiende beteken dat hy oortuig was ten diepste behoort alles eintlik aan die koning van Salem. Onthou, ons het gesien die koning van Salem was die Koning van geregtigheid, Hy was 'n tipe van die Here Jesus. Hy het sopas aan Abram verduidelik dat dit God was wat aan Abram die oorwinning gegee het – wel dan

behoort die hele buit tog aan God. En Abram onderskei dat die Koning van Salem God se verteenwoordiger is. Dit is tog hoe ons Jesus later leer ken: Hy is Immanuel, God met ons. Abram sien raak dat die Koning van Salem 'n simbool is van God met hom, en daarom gee hy aan die Koning van Salem 'n tiende van die buit – in wese gee Abram die tiende vir God.

- Abram se reaksie teenoor die aanbod van die koning van Sodom is heeltemal anders. Lees Gen 14:22-24. Abram het sy hand opgehef na die Here God, die Allerhoogste, die Skepper van die hemel en die aarde. Dit beteken Abram roep die Here in as Getuie, Abram lê 'n eed af voor die Here. Vers 23 gee die inhoud van Abram se eed: Dat hy, Abram, nie 'n riempie of 'n bandjie van 'n sandaal sal vat van enigiets wat aan die koning van Sodom behoort nie. Abram beloof dus om niks te vat van die buit wat hy teruggebring het nie. En die rede hoekom hy niks daarvan sal vat nie, is omdat iemand so boos soos die koning van Sodom dit sal gebruik om later te redeneer dat hy gehelp het om Abram ryk te maak. Dit is belangrik vir Abram om geen geleentheid te skep dat 'n goddelose koning van Sodom 'n rede kan aanvoer dat hy gehelp het om Abram te bevoordeel nie. Dit is belangriker as die besit van die buit. Want so 'n optrede van die koning van Sodom sal die eer van die Here in gedrang bring. Immers, was dit die Here wat aan Abram die oorwinning gegee het. Immers het die Koning van Salem tereg opgemerk die Here moet geprys word vir die oorwinning. Die koning van Sodom moet geen geleentheid gegee word om te kan redeneer dat hy 'n aandeel gehad het in Abram se bewaring of selfs dat Abram voordeel getrek het uit die oorwinning omdat hy as die koning van Sodom so goedhartig was deur vir hom die besittings te gee nie. Nee, al die eer behoort aan die Here God, die Allerhoogste, die Skepper van die hemel en die aarde. In vers 25 sê Abram met oortuiging en vasberadenheid: "Sluit my uit!" Daar moet geen twyfel by die koning van Sodom wees nie: Abram wil niks met hom, sy aanbod, sy besittings te doen hê nie – Sluit my uit! Al wat Abram bereid was om toe te laat is dat dit wat die manne geëet het tydens die operasie om die buit terug te bring, hulle regmatig toekom, en ook dat sy drie bondgenote, Aner, Eskol en Mamre, hulle regmatige deel van die buit mag kry. Maar Abram self wil niks hê nie – nie eers 'n riempie of bandjie van 'n sandaal nie. "Sluit my uit!"

  Weereens is Abram se optrede so anders as Lot s'n. Abram gee erkenning aan die Here vir die oorwinning. Abram wil verder niks te doen hê met die koning van Sodom of sy besittings nie. Lot, daarenteen, het heelwaarskynlik sy deel van die besittings gevat. In Gen 19:1 lees ons dat Lot in die stadspoorte van Sodom sit. Abram se reaksie op hierdie gebeure was: "Sluit my uit!" Lot se reaksie was om so deel te word van Sodom dat hy selfs in die stadspoorte gaan sit het – sak en pak deel van Sodom.

Kan ek net weereens onderstreep hoe daar ontwikkeling is by Abram, en ook hoe daar ontwikkeling is in die verhouding tussen die Here en Abram:

- In Gen 12 maak die Here die beloftes aan Abram dat Hy aan hom die land sal gee, en hom 'n groot nasie sal maak wat tot seën sal wees vir alle nasies. Maar toe Abram met die hongersnoodkrisis gekonfronteer word, besluit hy om die beloofde land te verlaat, Egipte toe te gaan, en om selfs sy vrou prys te gee. Maar die Here bring hom en Sarai terug na die beloofde land.
- In Gen 13 ontwikkel die volgende krisis – die stryd tussen Abram en Lot se veewagters. Abram hanteer die krisis heeltemal anders – hy verlaat nie weer die land nie, maar verdeel dit en is vergenoegd met sy deel van die land, wat in 'n sekere sin nie die beste deel van die land is nie. Die Here reageer daarop en herhaal Sy beloftes van die land en die nageslag – maar voeg nuwe detail by: Hy maak aan Abraham bekend hoe groot die land sal wees, dat dit altyd syne sal wees, en ook hoe groot sy nageslag sal wees – soos die stof van die aarde.

Abram verstaan hier is ‘n hoër dimensie aan God se beloftes as wat hy tot dusver gedink het.

- In Gen 14 ontwikkel daar weer ‘n krisis – Lot word saam met die inwoners van Sodom weggevoer. Abram reageer deur Lot, die ander mense en die besittings te gaan bevry met groot opoffering. Die Here reageer daarop en wys vir Abram die kontras tussen die koning van Sodom en die koning van Salem – trouens, die Here wys aan Abram ‘n voorafskaduwing van Sy Seun, die Here Jesus. En Abram se reaksie wys, hy het die onderskeidingsvermoë om dit te verstaan.

Nie net staan Abram se geloof vaster nie, maar sy insig in die handelinge van die Here het ook gegroei, en boonop is die verhouding tussen hom en die Here ook baie intiemer.

<u>Implikasie vir ons</u>

Ek vertrou ons het almal die begeerte om soos Abram te groei in ons geloof, om te groei in onderskeidingsvermoë, en om in ‘n toenemend intieme verhouding met die Here te wees. Wat kan ons leer uit die gebeure in Abram se lewe?

- Abram se geloof het inhoud gehad: Hy het in die Here geglo. Hy het ook geglo dat die Here die beloftes wat Hy aan hom gemaak het, kan vervul. Glo jy in die Here? Glo jy in die beloftes van die Here? Verstaan jy die inhoud van die beloftes van die Here aan Abram, en hoe dit steeds vir jou relevant is?
- Abram se geloof is herhaalde male getoets. Aanvanklik was sy geloof swak, maar soos wat die toetse gekom en gegaan het, het sy geloof gegroei. Ons geloof word ook getoets – herhaalde male. Is jy bewus van hierdie toetse? Beleef jy bewustelik hoe die Here die toetse gebruik? Kan jy met verloop van tyd sien dat daar groei in jou geloof is – dat jy nie meer altyd direk net na water gryp wat kortstondige verligting kan bring nie?
- Soos wat Abram se geloof gegroei het, het die Here hom al dieper in die detail van die grootsheid van Sy beloftes en plan ingelei. Ervaar jy hierdie groei in kennis en verstaan van die grootsheid van die Here se plan vir ons? Staan jy, soos Abram, al meer verstom oor die feit dat jy ook verstaan dat die Here na iets baie groters werk as ‘n fisiese land en nageslag?
- Abram het onderskeidingsvermoë ontwikkel. Daar was ‘n stryd tussen 9 konings rondom hom. Aanvanklik was dit ver, maar later het dit al nader aan Abram gekom – tot dit sy broerskind geraak het. Toe staan Abram nie maar net eenkant nie, nee, hy raak betrokke in die stryd en hy span hom in om Lot terug te bring – selfs al het Lot die vrugte gepluk van ‘n ondeurdagte besluit. Is jy bewus van wat in die wêreld om jou aangaan? Bedink jy hoe dit jou en jou dierbares raak? Raak jy betrokke? Of staan jy net eenkant en toekyk? Die Here het vir Abram onderskeidingsvermoë gegee – Abram kon die verskil raaksien tussen wat die koning van Salem en die koning van Sodom hom bied. Hy kon sy keuse maak. Hy kon sien dat daar sin in is om die Koning van Geregtigheid en van Vrede, wat ook ‘n Priester is, te volg. Verstaan jy jou nood aan ‘n Koning van Geregtigheid en Vrede, wat ook ‘n Priester is? Volg jy met oortuiging die Here Jesus? Abram kon met oortuiging vir die koning van Sodom sê: “Sluit my uit!” Kan jy die koning van Sodom in ons wêreld onderskei? Het jy al onwrikbaar duidelik gesê: “Sluit my uit!”?

Soms lyk dit vir my ons dink: Glo net, en jy sal gered word. En in ‘n seker sin is dit waar. Maar dit was al waar van Abram toe hy nog in Ur was toe die Here hom geroep het – hy het toe die Here geglo. En tog was daar ‘n lang pad wat die Here daarna met hom gestap het, waartydens hy gegroei het in geloof, insig en onderskeidingsvermoë. As dit vir Abram nodig was, hoekom dan nie ook vir ons nie?